

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNUMMER:

A.292/2008

DATUM:

23 MEI 2008

In die saak tussen:

RICHARD SELUNGU

Appellant

10 en

DIE STAAT

Respondent

UITSpraak

15

VAN REENEN, R:

Geriefshalwe word daar na die appellant as die beskuldigde verwys.

20

Die beskuldigde het in die streekhof te Ladismith tereggestaan op 'n aanklag van moord. Die hoof inhoud van die klagte teen hom was dat hy op 5 Augustus 2006 naby die Laingsburgpad, Ladismith wederregtelik en opsetlik vir Heinrich Bell (na wie ek 25 hierna as "die oorledene" sal verwys) gedood het deur hom

met 'n mes of ander skerp voorwerp te steek. Dit was beweer dat die bepalings van artikel 51 van die Strafrelewysingswet, 105 van 1997, van toepassing was.

5 Die beskuldigde, wat deur 'n prokureur verteenwoordig was, het onskuldig gepleit en het in 'n formele pleitverduideliking erken dat hy die oorledene een keer in die nek gesteeke het met 'n skroewedraaier wat van draad gemaak was en dat die lykskouingsverslag en die gevolgtrekking daarin vervat korrek
10 was; dat die identiteit van die oorledene korrek was; en sy liggaam geen verdere letsels opgedoen het van dat dit gevind is totdat die lykskouing daarop uitgevoer is nie.

Nadat die Staat getuies aangebied het en die beskuldigde self
15 getuig het, is hy skuldig bevind, soos aangekla, en 'n vonnis van agt jaar gevangenisstraf opgelê. Die beskuldigde appelleer nou na hierdie Hof teen sy skuldigbevinding met verlof van die verhoorhof.

20 Dit is insiggewend vanuit die oorkonde dat die verhoorlanddros die aansoek om verlof toegestaan het omdat hy, onder andere, van mening was dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan het dat 'n hof van appél moontlik sou kon bevind dat die beskuldigde eerder aan strafbare manslag as moord skuldig is.

Die gebeure wat die onderwerp van hierdie appèl vorm, het plaasgevind gedurende die aand van 5 Augustus 2006 by die huis van Ivan Afrikaner, ook bekend as Pinok. Dit was 'n Saterdagdagaand. Daar was 'n danspartytjie en, soos te verwagte, was daar gedrink en dagga gerook. 'n Aanduiding van hoe jolig dit daar gegaan het, blyk daaruit dat die oorledene se bloedalkoholinhoud 0,46 gram per 100ml was.

By die partytjie was daar, onder andere, die beskuldigde, die oorledene, Mariaan Rossouw (na wie ek hierna as "Mariaan" sal verwys) en Ryno van der Berg. Die laasgenoemde twee persone was as getuies geroep. Die beskuldigde is die pa van 'n kind waarvan Mariaan die moeder is en verwek was terwyl hulle nog in 'n verhouding met mekaar verkeer het. Die oorledene blyk 'n mansvriend van Mariaan te gewees het ten tyde van sy oorlye. Vanweë die feit dat die dansery aan die buitekant van die huis plaasgevind het en die beligting swak was – daar was slegs 'n buitelig by die voordeur – en die getuies se waarnemingsvermoë daardeur nadelig beïnvloed moes gewees het en hulle boonop waarskynlik almal beskonke was, word die gebeure wat die oorledene se dood voorafgegaan het, slegs in breë weergegee en slegs tot die mate dat dit deur getuies bevestig was of deur waarskynlikhede begunstig word.

Dit skyn gemeensaak te wees dat die beskuldigde na Pinok se huis was om 'n tuisgemaakte skroewedraaier van draad, ongeveer 24 sentimeters lank, te gaan haal om sy bandspeler reg te maak. Daar het op 'n stadium 'n argument tussen

5 Mariaan en die beskuldigde ontstaan oor goedere wat hy vir hulle kind gekoop het en vroeër die dag aan haar oorhandig het ter nakoming van sy onderhoudverpligtinge, maar dat sy op die betaling van meer geld aangedring het.

10 Dié argument blyk op 'n stadium in die kombuis van Pinok se huis voortgesit te gewees het. In die kombuis was Mariaan, haar kind, die oorledene, die beskuldigde en 'n ander vrou genaamd Irene.

15 As gevolg van iets wat die beskuldigde vir Mariaan sou gesê het, het die oorledene vir hom gesê dat 'n mens nie so met 'n vrou praat nie. Die beskuldigde sou toe vir die oorledene gesê het dat dit nie sy probleem was nie. Hy het toe die oorledene van hom af weggestoot sodat hy gesteier het. Die

20 beskuldigde het toe na buite om die hoek van die huis gegaan om te gaan ontlas, waar daar geen ander persone teenwoordig was nie, en die oorledene het hom toe agtervolg.

Omdat niemand anders gesien het wat presies daarna gebeur

25 het nie en die oorledene nie meer in die land van die lewendes

is nie, is 'n mens aangewese, hoe onbevredigend dit ook al mag wees, op slegs die beskuldigde se weergawe van wat daar gebeur het.

5 Daarvolgens het die oorledene die beskuldigde genader terwyl hy besig was om die band van sy broek los te maak; met 'n mes na hom gesteek het; en in die steekbeweging vorentoe geval het. Die beskuldigde het toe na regs uit sy pad gespring. Die oorledene het daarna nog 'n steek uitgevoer en
10 – dit is wat die beskuldigde sê: “dit is toe wat ek dink maar ek gaan die skroewedraaier vat om my te verdedig” – (rekord bladsy 82, reëls 18 tot 22) en “omdat daar twee keer na my gesteek is, sien Edelagbare, toe dink ek die beste is ek moet – gaan nou dieselfde doen want hier het ek die skroewedraaier”
15 (rekord bladsy 26 reëls 4 tot 6).

Die beskuldigde het getuig dat hy in reaksie sy hand met die skroewedraaier daarin “so geswaai het” en nie beseft dat hy die oorledene raak gesteek het nie en dat die oorledene toe om
20 die draai is en weggeloop het. Dit is duidelik dat dit die beskuldigde se weergawe is dat hy na die oorledene gesteek het omdat hy gedink het dat hy “hy sou miskien weer 'n poging aangewend het om te steek” (Rekord bladsy 98, reëls 4 tot 6).

Wat ook al die beskuldigde met die skroewedraaier gedoen het, skyn as 'n voorbehoudende aanval – die Engelse ekwivalent waarvan 'n "pre-emptive strike" is – bedoel te gewees het. Daardie optrede van die beskuldigde moet 5 beoordeel word in die lig van die volgende feite: Die oorledene was op die beskuldigde se weergawe besonder beskonke. Hy getuig dat die oorledene nie in staat sou gewees het om weg te hardloop nie en dat toe hy hom probeer steek het, hy agter die mes aan geval het.

10

Die beskuldigde het ook getuig dat hy die oorledene vroeër in die kombuis van hom af weggestamp het en dat hy toe weggesteier het. Inteenstelling met die oorledene, was die beskuldigde nog in staat om na regs te spring toe die 15 oorledene die eerste keer na hom gesteeek het en die beskuldigde was op sy eie erkenning groter van liggaamsbou as die oorledene gewees.

Ek is bereid om ten gunste van die beskuldigde te aanvaar dat 20 daar 'n wederregtelike aanval op 'n beskermingswaardige belang van die beskuldigde, naamlik sy liggaamsintegriteit gemaak was en dat toe hy tot teenoptrede oorgegaan het, die aanval nie ooglopend alreeds verby was nie.

In die omstandighede sou enige afweershandeling van sy kant geregverdig gewees het indien dit aan die vereistes voldoen het wat daarvoor deur die reg gestel word, naamlik, dat dit teen die aanvaller self gerig was; noodsaaklik was om die
5 bedreigde reg te beskerm; en daar 'n redelike verhouding tussen die aanval- en die afweershandeling bestaan het.

Die vraag wat in die onderhawige geval ontstaan is of dit vir die beskuldigde noodsaaklik was om 'n swaarbeweging met die
10 skroewedraaier uit te voer het ten einde die aanvalshandeling af te weer. Sonder om 'n onrealistiese leunstoelhouding in te neem, wil dit tog voorkom dat die beskuldigde, sonder om homself aan die risiko van verdere beserings bloot te gestel het, van die oorledene kon weggekóm
15 het. Die gebeurte het in die buitelig plaasgevind en gevolglik was hy nie in 'n engte vasgekeer nie. Vanweë die oorledene se beskonkenheid kon die beskuldigde sonder probleme tot buite sy bereik beweeg het, want volgens hom sou die oorledene nie in staat gewees het om hom met enige ratsheid
20 daarvan te weerhou of te agtervolg nie. Alhoewel C R SNYMAN, STRAFREG, 5de Uitgawe te 105 en verder ander beskouings daaroor nahoo, skyn die steeds geldende benadering van ons howe te wees dat 'n aangevallene moet vlug tensy daar gevaar in ontvluging geleë is. (Sien
25 byvoorbeeld R v PATEL 1959(3) SA 121 (A) te 123E-H.)

Aangesien die beskuldigde eerder dan om homself uit die voete te gemaak het, die aanval met gebruikmaking van die skroewedraaier probeer afweer het, het sy afweershandeling
5 myns insiens nie aan die vereistes wat deur ons howe gestel word, voldoen nie en het die landdros tereg die beskuldigde se verweer van noodweer verwerp.

Die verhoorhof het die beskuldigde aan moord skuldig bevind
10 op sterkte van 'n bevinding dat hy die enkele steekwond, wat die oorsaak was dat die oorledene homself doodgebloei het, met opset by moontlikheidsbewussyn toegedien het. Daardie bevinding was gebaseer op die aard van die wapen wat gebruik was asook die ligging van die wond. Daardie
15 bevinding sou geregverdig gewees het indien dit op die feite bevind kon geword het dat die beskuldigde dit doelgerig toegedien het. Die feite stry egter daarteen.

Op die enigste weergawe voor die Hof, naamlik die van die beskuldigde, het hy 'n swaaibeweging na die oorledene
20 uitgevoer en was hy nie seker daarvan of hy hom getref het al dan nie. Myns insiens dui die beskuldigde se weergawe op 'n afwesigheid van 'n wilsgerigte toediening van die steekwond en in die omstandighede was die afleiding dat die beskuldigde
25 subjektief inderdaad die moontlikheid voorsien het dat sy

optrede die dood van die oordelede kon veroorsaak en roekeloos omtrent die intrede daarvan gestaan het, nie geregverdig gewees nie. (Sien S v SIGWAHLA 1967(4) SA 566 (A) TE 570B.)

5

Na my mening sou die redelike man in die beskuldigde se posisie dit egter as 'n redelike moontlikheid voorsien het en gevolglik moes die beskuldigde ook gedoen het, dat sy handeling die oorlede se dood kon veroorsaak en 10 dienoooreenkomstig opgetree het. Aangesien hy dit nie gedoen het nie, het die beskuldigde myns insiens skuld in die vorm van *culpa* gehad. (Sien S v NAIDOO AND OTHERS 2003(1) SASV 437 (HHA) te 356a-357e.) Gevolglik, moes die beskuldigde, na my mening, aan strafbare manslag in plaas 15 van moord skuldig bevind gewees het. Die beskuldigde se optrede na die gebeure deurdat hy die ambulans wou gaan ontbied het, rym met daardie gevolgtrekking.

In die omstandighede behoort die skuldigbevinding van die 20 beskuldigde aan 'n klag van moord ter syde gestel en vervang te word met 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag wat ingevolge die bepalinge van artikel 258 van Wet 51 van 1977 geoorloofde uitspraak op 'n klagte van moord is.

Alhoewel daar nie teen die vonnis geappelleer word nie, is dit
ontenseglik so dat 'n skuldigbevinding aan moord (waarvan
die skuldvereiste *dofus*) is, moreel meer laakbaar is as 'n
skuldigbevinding aan strafbare manslag (waarvoor die skuld in
5 die vorm van *culpa* naamlik, onagsaamheid 'n vereiste is).
Daar is dan ook nie sprake van 'n voorgeskrewe minimum
vonnis nie. Dit het tot gevolg dat dit vir hierdie Hof geoorloof
is om van meet af aan te besin oor wat 'n gepaste straf sou
wees met inagneming van die misdryf, die oortreder en die
10 belange van die gemeenskap.

Gedagte aan al die feite wat voor die verhoorhof geplaas was
en al die ander feite en omstandighede wat deur hom in sy
uitspraak oor vonnis aangestip is, is ek van mening dat 'n
15 gepaste vonnis in die onderhawige geval $7\frac{1}{2}$ jaar
gevangenisstraf is waarvan $2\frac{1}{2}$ jaar gevangenisstraf op
gepaste voorwaardes opgeskort word.

Gevolglik word die skuldigbevinding van die beskuldigde aan
20 moord ter syde gestel en vervang met 'n skuldigbevinding aan
strafbare manslag en word die vonnis wat hom opgelê is
deurgehaal en vervang met 'n vonnis van SEWE-EN-n-HALF
JAAR ($7\frac{1}{2}$) JAAR GEVANGENISSTRAF waarvan twee-en-n-half
jaar ($2\frac{1}{2}$) jaar opgeskort word vir 'n periode van vyf (5) jaar op
25 voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n

oortreding van moord of strafbare manslag gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie en wat die toediening van liggaamlike geweld aan 'n menslike wese behels nie.

5 Die vonnis wat vandag opgelê word, sal geag word opgelê te gewees het op 19 Maart 2007, dit synde die datum waarop die beskuldigde oorspronklik gevonniss is.

Ten slotte wil ek net beide advokate vir hulle baie volledige en
10 hulpvaardige betoogpunte bedank.



VAN REENEN, R

15 ZONDI, R: Ek stem saam.

.....

ZONDI, R

20

25